
LANDBOUWEEKBLAD
15 Feb 2013, p.12



**BOEDELBEPLANNING** | NICO VAN GIJSEN

**NAVRAE: tel. 021 461 2067 of faks 086 677 6314.
E-pos: nico@finlac.com.**

# Testamentêre bemakings nie altyd maklik

Daar is ander opsies as 'n "gesamentlike testament" om vir 'n lewensmaat te sorg en ook ander maniere om vir erfgename te sorg sonder om'n plaas te onderverdeel.

Ek wil vandeesweek 'n bietjie uitwei oor 'n navraag van 'n leser na aanleiding van 'n vorige rubriek waarin ek geskryf het oor die regsgevolge van die huweliksvorm.

Ek raak kortliks aan die volgende faktore: die huweliksvorm en die gevolge daarvan op geërfde bates, die opstel van 'n testament en veral gesamentlike testamente, asook die vererwing van 'n plaas na meer as een kind.

## AGTERGROND

Die leser is binne gemeenskap van goedere getroud. Sy het 'n plaas by haar pa geërf, met die uitdruklike voorwaarde dat dit nie onderworpe sal wees aan die regsgevolge van haar huwelik nie. Sy het intussen die plaas aan een seun "gegee" wat daarop boer, maar as sy sterf, moet die ander seun ook voordeel uit die plaas kan trek.

Volgens die leser is die beste raad wat sy op haar dorp kon kry dat sy en haar man hul bates moet "konsolideer" om hulle in staat te stel om 'n gesamentlike testament te kan opstel. As ek reg verstaan, sou sy andersins nie 'n gesamentlike testament kon opstel nie.

Ons kyk eers na die plaas wat die leser geërf het en die bepalings in haar oorlede pa se testament dat die plaas uitgesluit is van die regsgevolge van 'n huwelik. Hoewel sy en haar man binne gemeenskap van goedere getroud is, is die plaas, anders as ander bates, verkry tydens die bestaan van die huwelik, uitgesluit van die gemeenskap van goedere. Dit val dus buite die gesamentlike huweliksbates.

Daar is geen beperking op wat sy met die plaas mag doen nie. Die bepaling in haar pa se testament is beperk tot die regsgevolge van 'n huwelik. Sy sou dus die plaas kon verkoop, of aan haar man gee as sy wou, maar hy sal nie kan aanspraak maak daarop ingevolge sy regte in terme van die huweliksvorm nie.

Sou die egpaar skuld maak, sou die plaas wel in die gedrang kom omdat die bepaling in die pa se testament dit nie kan vrystel van skuldeisers nie. Dit is ondanks al die bepalings wat ek in testamente sien tot die teendeel. Skuld is in dié leser se geval egter nie 'n kwessie nie.

## GESAMENTLIKE TESTAMENTE

Ons kyk nou na die gesamentlike testament en die "konsolidering van bates". Die beheptheid met gesamentlike testamente is een van daardie sinlose dinge in die lewe waaraan ek geen logika kan heg nie. 'n Gesamentlike testament is niks anders nie as twee dokumente in een saamgevat; die testament van elkeen word in elk geval op sy eie beoordeel by dood.

Gesamentlike testamente het geen afdwingbaarheid nie. Elke party kan te eniger tyd, sonder om die ander in te lig, 'n nuwe testament gaan opstel. Doen dit gerus as jy dit om sentimentele redes wil doen, verstaan net wat jy doen en verstaan dat dit niks spesiaals is nie en geen regskrag het nie.

> 'n Gesamentlike testament het geen afdwingbaarheid nie.

Die hele argument, soos ek dit van die leser verstaan, dat sy en haar man eers hul bates moet konsolideer om 'n gesamentlike testament te kan opstel, maak dus in sy geheel nie sin nie. Enige twee mense kan 'n gesamentlike testament opstel – daar hoef geen "konsolidering van bates" te wees nie. Elkeen kan daarin sy of haar bates na goeddunke bemaak. En, soos ek hierbo noem, kan hy of sy dit later weer anders gaan bemaak, hetsy in 'n nuwe, gesamentlike testament of in 'n eie, enkele testament.

As die bedoeling is dat die gesamentlike testament sal sorg dat die man voordeel uit die plaas sal trek as die vrou eerste sou sterf, is daar ander maniere om vir hom voorsiening te maak. Dit kan gebeur sonder dat sy die helfte van die plaas aan hom hoef af te staan deur dit met 'n "konsolidering" van bates in die gemeenskaplike huweliksbates in te bring. "Konsolideer" hier klink vir my al te veel na "kom ons kyk na waar ons oral meer geld uit jou kan maak".

## HOE GEMAAK MET DIE PLAAS?

Ons kyk nou na die vererwing van die plaas en die twee seuns. Aangesien die plaas buite die gemeenskaplike boedel val, kan die vrou dit bemaak aan wie sy wil. Die enigste beperking in haar geval, waar sy twee seuns het wat sy wil bevoordeel, is die Wet op Onderverdeling van Landbougrond (Wet 70 van 1970). Die wet plaas 'n verbod op die verdeling van landbougrond, tensy die Minister van Landbou verlof daartoe verleen, wat nie sommer gebeur nie.

Die een seun boer reeds heeltyds op die plaas, soveel so dat die leser sê sy het die plaas vir hom "gegee". En 'n mens wil nie sy inkomstebron van hom af wegneem nie.

Dit laat ons met twee opsies. Sy kan die plaas aan 'n inter vivos-trust bemaak met die bepaling dat die seun wat boer, dit by die trust sal huur en dat die huurinkomste die ander seun toeval. Dit kan natuurlik met verloop van tyd vir die seun wat boer 'n eindelose en baie duur verpligting raak.

Sy kan ook 'n lewenspolis op haar lewe uitneem wat 'n soortgelyke bedrag aan die ander seun sal voorsien, sodat elkeen min of meer gelyk erf. Of, beter nog, laat die seun wat boer die lewenspolis uitneem en daarmee die ander seun se "belang" in die plaas oorkoop by ma se sterfte.

Laasgenoemde voorstel hou selfs belastingvoordele in.

*Nico van Gijsen is lid van Fisa en besturende direkteur van Finlac, 'n onafhanklike finansiëlerisikobestuursmaatskappy wat by die Finansiële Diensteraad gelisensieer is. Finlac is aan geen finansiële produkverskaffer verbonde nie. Die raad wat hier gegee word, is van 'n algemene aard en moenie as toepaslik vir 'n spesifieke geval beskou word nie.* **LBW**

**KORTOM**

- 'n Leser doen navraag oor die huweliksvorm en die gevolge daarvan op geërfde bates, gesamentlike testamente en die vererwing van een plaas na meer as een kind.
- 'n Gesamentlike testament het geen afdwingbaarheid nie. Enige van die partye kan egter te eniger tyd 'n nuwe testament gaan opstel.
- Landbougrond word byna nooit onderverdeel nie. Ondersoek dus ander opsies as om meer as een kind 'n plaas te laat erf.